(vervolg) Hoofstuk 40 - 'N LEUEN? (08.11.1840)
HIM1.196

20] Maar die een waarheid is dit: Die een bestaan en ontstaan uit die ander en die een is daar vir die ander. Maar Ek is die ewige oorsprong van alles wat is en het alles so ingerig, dat die natuurlike ontstaan en bestaan uit die geestelike, en die geestelike weer omgekeerd, in 'n bestendige en onveranderlike kringloop vanuit die natuurlike.

21] Hieruit sal dit ook vir julle duidelik wees hoe die geesteswêreld voortdurend projekteer in die natuurlike en die natuurlike weer in die geestelike wêreld. Want wanneer 'n gees vry word, het hy lief, dink hy en handel hy in sy aangewese sfeer. Hierdie handeling en werking van 'n gees, noudat dit plaasgevind het, kan onmoontlik spoorloos verbygaan, asof daar hoegenaamd geen handeling en werking plaasgevind het nie. Die vraag is dus, hoe word die handeling en werking van die vrye gees sigbaar?

22] Dan sê Ek: Kyk na die dinge, soos hulle is, hoe hulle ontstaan en bestaan, en jy sal vir jouself moet sê dat elkeen van hierdie verskynsels iewers 'n toereikende oorsaak moet hê om te ontstaan, maar waar is hierdie oorsaak? Beslis nie in die materie, maar in die geestelike werking en handeling, welke werking en handeling innerlik is.

23] Maar wanneer 'n boumeester 'n huis bou, het hy die huis beslis nie ter wille van die huis self gebou nie, maar met die bouery het hy 'n doel nagejaag wat heeltemal in ooreenstemming is met sy doelwit. Aangesien 'n meesterbouer dit so doen, en selfs as sterflike mens aan sy werk 'n ewige duurte sou gee, hoeveel te meer sal 'n vrye, ewige gees sy handeling en werking nie so inrig dat dit ooreenstem met sy liefde en sy wese nie!

24] En so is dit weer duidelik soos daglig dat **die materie self slegs 'n middel** is waaruit 'n **geestelike doel moet voortkom**, in die bedoeling van die geestelike Skepper.

25] En as jy hierdie reg betrag, moet dit vir jou duidelik word hoe die een daar is vir die ander en hoe die een ewiglik uitreik na en uitsteek in die ander. En daaruit sal julle verder duidelik insien, wat die leuen is en wat die waarheid, en julle sal sien **hoe vir die reines (en geestelik oplettende) alles rein en waar is,** maar vir die (geestelike) blindes is die waarheid 'n leuen. Op hierdie selfde wyse kan ook in My, die ewige bron van alle wesens, geen leuen plaasvind nie. Ja, die bestaan daarvan is in My oë 'n onmoontlikheid.

26] Vir die blinde is dié bestaan van iets, net soos die formele aard daarvan, natuurlik 'n onwaarskynlike feit, omdat hy homself nie van die werklikheid daarvan kan oortuig nie. Maar as hy glo dat die saak wel so is, het hy die waarheid. **Maar as hy nie glo nie, is sy hardnekkige ongeloof die leuen self**, waarin sy blindheid hom gevange hou.

27] **Geloof is dus 'n salf vir die blindes**. As hulle dit in die eenvoud van hul harte gebruik, sal hulle gou die lig van hul oë bereik en alles aanskou soos dit is. En selfs al vind hulle dit anders as wat aan hulle vertel is, is dit wat hulle vertel is steeds waar, omdat hulle glo dit is so.

28] Daarom sal elkeen vroeër of later alles in die gees vind, soos hy dit geglo het! Want soos die lig is, so is die kleur van die verligte voorwerpe. Maar geloof is die lig van die gees, waaruit die mens ook sal sien hoe sy (geloofs-)lig toegerus is.

29] Maar uit die boom sal geen ander appel te voorskyn kom nie, as dit wat in die boom ingeplaas is; soos ook uit die appel geen ander boom, as dit wat in die kiem gelê is nie. **En so is elke mens die vrug van sy of haar eie geloof, en die geloof self die vrug van die mens se liefde.** En daaruit (kortliks): soos iemand glo, so sal hy daar uitsien, en soos hy liefhet, so sal hy lewe.

30] Maar wie My woorde glo, het My in hom opgeneem, in soverre hy glo dat dit Ek is wat aan hom hierdie dinge verkondig. En aangesien elke mens in sy diepste wese sy eie liefde is, **so sal Ek dan, wanneer hy My deur die geloof in sy liefde opneem**, **sy eie liefde word, soos hy Myne word**. Want soos Hy My opgeneem het, so het Ek Hom opgeneem. En so sal ons dan een word, soos die boom en die appel in wese maar een is en inmekaar inpas, soos die ratte tande van 'n horlosie, **en dit sal een Waarheid word**.

31] Want wie My deur die geloof opgeneem het in sy liefde, **het die Ewige Waarheid in homself opgeneem en word self die Ewige Waarheid**. En aangesien Ek die Ewige Liefde Self is, is Ek dan ook in alle waarheid as sodanig (die eiendom) van die mens wat My sy liefde gemaak het.

32] En so sal die mens wees, tegelykertyd 'n veredelde boom, wat die hoër dinge in homself opgeneem het, sodat dit sy eiendom word, en ook daarby baie edele en kosbare vrugte dra, waarin, desondanks, sy vrye selfstandigheid tog nooit ten gronde sal gaan nie. Want net soos hy uit die saadkorrel van 'n veredelde boom die oerwese van die boom weer kon herwin (omdat dit ten spyte van die edelheid steeds selfstandig bestaan), so is dit ook met die, deur My veredelde mense, dat hy ook, ten spyte van My opneming en die gevolglike veredeling, sy selfstandigheid vry en ewig sal hou.

33] Jy sien, hierdie leer wat julle gegee is, is baie belangrik, en **daarsonder kan jy nie maklik die innerlike standvastigheid van jou geloof bereik nie**, en jou liefde sal bestendig voortgaan om in sigself 'n wederkerende kringloop te bly. Slegs as jy weet dat die vereniging met My Liefde julle opneem om in die oneindige **sirkel van My ewige Werksaamheid** te

wees, dan kan jy ook met die grootste sekerheid tot die gevolgtrekking kom dat daar naas die oneindigheid van My werking weinig ruimte oorbly, waarbinne 'n leuen verberg kan word. Want wie hom van die lig afsonder, sal sekerlik net aan die een kant verlig wees en aan die ander kant 'n skaduwee ontdek, wat 'n liglose terugkaatsing van sy eie selfstandigheid is, **maar wie hom te midde van die ligtende vlam van My Liefde bevind, vra jouself dan af of daar êrens ook 'n skaduwee moontlik is?**

34] Daarom, deur die geloof in julle liefde, **maak My julle liefde,** sodat die lig julle kan omvou en deurdring, en **julle self tot lig word vanuit My**. Dit sê Ek, die Ewige Liefde en Waarheid. Amen.